NICOLA EN MAN-LIEF BEN KOM OP 'N LUUKSE JAG TOT VERHAAL NÁ HUL SPOGTROUE

Deur Jared Orlin

VAN HEEL BO: So het Huisgenoot ver lede week oor die glanstroue berig: Nicola en Ben by die marina in Portofino; en die paartjie geniet 'n skemerdrankie by 'n plaaslike eetplek; Nicola by die Steiners se luukse jag van 35 m.

'N LUUKSE 35 m lange jag, kompleet met 'n ten volle toegeruste kombuis en 'n bemanning van vyf, dobber lui op die helder water aan die kus van Portofino in Italië. Die weer is volmaak en die pasgetroudes lê agteroor op die dek in die son en baai.

Nicola Breytenbach – met haar modellyf in 'n wit bikini – is verdiep in 'n boek, terwyl haar man, die Amerikaanse miljoenêr-sakeman Ben Steiner, 'n uiltjie knip. Hulle hou eindelik wittebrood ná hul spogtroue waarvoor meer as vyfhonderd gaste na die Steiner-gesin se landgoed by St. Tropez aan die Franse Riviera gestroom het (Dit reën roosblare en liefde!, Huisgenoot, 3 Julie).

Nie net geniet hulle die milde Mediterreense sonskyn nie, maar ook hul tydjie alleen.

"Daar was soveel mense by die troue dat ons nie kans gekry het om veel tyd saam deur te bring nie," sê Nicola toe ons haar telefonies opspoor.

"Die wittebrood is ons kans om die oomblik in te drink. Ons vat dit baie rustig. Die eerste dag was ons nog 'n bietjie gespanne, maar teen die tweede het ons begin ontspan."

Die paar het eers 'n twee weke lange wittebrood op die eiland Bora Bora in die Stille Oseaan beplan, maar dit tot aanstaande jaar uitgestel.

"Ek droom al jare lank daarvan om Bora Bora toe te gaan en dit sal wonderlik wees. Maar Ben se pa is nie gesond nie; daarom wou ons albei naby hom wees," verduidelik die skoonheid.

Jeffrey Steiner verdeel sy tyd tussen Parys en New York en sy seun en nuwe skoondogter wil ná hul blaaskans in Portofino in die Franse hoofstad by hom gaan kuier.

INTUSSEN benut hulle elke oomblik. Soggens geniet hulle 'n lullekker ontbyt wat die sjef vir hulle op die dek voorsit. "Nogal 'n boitjie van Durban," sê Nicola, wat self 'n Durbaniet van geboorte is.

Ná ontbyt rits hulle op waterponies rond, 'n tydverdryf waarop hulle al jare lank versot is.

Die res van die dag gaan in 'n lui waas van mengeldrankies en swem verby voor hulle vir skemerkelkies aan land gaan – 'n wodka en *tonic* vir Nicola en 'n ment-julep vir Ben.

Daarna gaan hulle aandete eet. Die eerste aand het hulle 'n smaaklike ete geniet by wat na hul mening een van die beste restaurante ter wêreld is – 'n ouwêreldse plek in familiebesit genaamd O Magazini.

"Ons het die mense van Portofino gevra wat die beste restaurant in die dorp is en hulle het daardie een aanbeveel," vertel Nicola. Sy het 'n warm seekosslaai geëet en Ben het aan 'n tamatie-en-seekospasta weggelê wat hulle met goeie Italiaanse



HOOFFOTO: Nicola Breytenbach, wat in Suid-Afrika gebore is, en haar Amerikaanse man, Ben Steiner, ontspan met hul wittebroodsvakansie op hul luukse jag by Portofino, Italië. LINKS: Die skouspelagtige uitsig oor die baai van Portofino.

RUSTIG OP DIE HUWELIKSBOOT!

rooiwyn afgesluk het.

"Die seekospasta was so lekker dat ons nog twee porsies bestel en dit elke keer gedeel het. Toe bestel ons nog tien porsies as wegneemete vir later en sodat die bemanning dit ook kon geniet. Ek het nog nooit in my lewe iets so lekkers geproe nie."

Die twee wou die volgende aand teruggaan na die restaurant, maar dit was toe. "Ons het pleks daarvan op die jag onder die sterre geëet," vertel Nicola.

Hulle het ook 'n bietjie inkopies gedoen. "My wittebroodsgeskenk van my man is 'n paar oorbelle. Dit was so 'n verrassing," sê die sonbruin skoonheid. "Ons het by 'n juwelierswinkel verbygeloop toe Ben sê: 'Kom ons gaan in.'

"Hy het 'n paar pragtige diamant-hangoorbelle uitgekies, daarop aangedring dat ek dit aanpas en dit vir my gekoop."

Die wittebroodspaartjie besoek ook besienswaardighede en het 'n uur lange staptog onderneem deur die dorpie se botaniese tuine en teen die krans op na 'n kasteel wat oor die baai uitkyk.

Al wat sedert die troue verander het, is dat hulle meer oor die toekoms praat. "Ons droom oor hoe ons lewe oor tien, twintig, dertig jaar van nou af sal wees."

Wat die getrippel van klein Steiner-voetjies betref, het hulle klaar daaraan begin werk, erken sy giggelend. "Ons wil dadelik kinders hê. Dit maak nie eintlik saak of dit 'n seuntjie of 'n dogtertjie is nie. Maar daar is baie meisies in die Steiner-familie; daarom is ons 'n bietjie onder druk om minstens een seun te hê. Ons sal graag een van elk wil hê en dan dalk nog een."

Dis ook maar goed sy en Ben gaan uit hul woonstel in New York na 'n groter huis trek op Fisher-eiland op 'n stuk grond wat die Steiners aan die kus van Miami besit. Ben gaan vir die familie se onderneming begin werk. Dié is by verskeie bedrywe betrokke – van eiendom en lugvaart tot kleinhandel.

"Ons pluis nog net die fyner besonderhede van die trek uit, maar dis so te sê 'n uitgemaakte saak," vertel Nicola opgewonde.

Tussen haar modelverpligtinge deur wil sy 'n volmaakte gasvrou word en Vrydagaande Sabbatetes by hul nuwe huis voorsit – dit is nou sodra sy tradisionele Joodse kos leer kook het.

"Ek gaan dadelik begin kooklesse neem," sê Nicola, wat haar voor haar troue tot Judaïsme bekeer het.

"Ons wil elke week by ons huis Sabbat hou. Kos het my passie geword en ek wil die kos leer kook waarmee Ben grootgeword het, soos hoendersop en matsokluitjies."

Waarop haar nuwe man ongetwyfeld *mazel tov* sal sê! □

VAN LINKS: Ben en Nicola spring van die boot af in die warm water van die Middellandse See; Nicola lees terwyl sy in die son lê – sy lees graag, veral fiksie; Nicola, wat dol is oor waterponies, het tydens die wittebrood behoorlik baljaar op die kalm seewater.